

Markus 1 14 23 April 2017 Emeritaat

PREEK.

Ek verstaan dat mense Christene geword het, toe hulle begin glo het dat Jesus die Een was wat vir ons God se manier van doen en leef kom wys het. Mar dat Jesus die Een was, was nie sommer van die begin af duidelik nie.

In die geloofswêreld van die 1ste eeu se Jode was dit :

Die Messias, die Christos, was die Een wat “gesalf” is deur God om God se saak te bevorder.

Onder die Jode van die 1ste eeu in Palestina,

Daar het waarskynlik ‘n hoop geleef

dat God op ‘n kol ‘n einde gaan maak aan al die ellende waaraan hulle blootgestel is.

- **Die Romeine het hulle land gevat,**
- **hulle moes belasting betaal dat dit by hulle ore uitloop,**
- en dan het **die Joodse leiers ook nog met die Romeine saamgewerk** omdat hulle darem ‘n mate van selfregering en beheer oor die tempeldiens wou behou – en nog verdere belastings van die mense hef. Amper soos die Tuislande. Die uiteindelijke beheer was in Rome.

Daarvoor was hulle gereed.

En dit wat Jesus vir die mense van God vertel en gewys het, was heel anders as wat die algemene verstaan en verwagting in sy tyd was.

Jesus hou sy intreepreek, oral in Galilea. Volgens Markus was dit maar 'n kort prekie – ek dink ons di. sukkel maar almal om by Hom te leer.

4 Sinne.

- Broers en susters, **dis tyd!**
- God se koningskap **het begin.**
- Kry julle **koppe** agtermekaar.
- **Glo** dat dit (God se koningskap) **Goeie nuus** is.

En van toe af tot nou kry ons mense dit reg om vir Jesus **verkeerd** te verstaan.

Hy bring goeie nuus. Die Goeie nuus is dat God se regering klaar begin het. Dit was **toe** goeie nuus, en dis **vandag** steeds Goeie Nuus. God se Koninkryk het **in Hom** en **met Hom** aangebreek. Dit is **nou** hier. Ons hoef nie daarvoor te wag nie. Dis nie 'n plek waarheen jy **na** jou dood gaan – mits jy Jesus aangeneem het as jou persoonlike verlosser en saligmaker nie. (Terloops – 'n frase wat nie in die Bybel staan nie!!)

Ons hoef dus nie **eers** dood te gaan om daaraan deel te hê nie. Ons mag **nou** daarin lewe.

Jesus maak dit self baie duidelik. Toe Fariseërs Hom vra waar en wanneer die Koninkryk dan nou gaan kom, toe sê Hy in Lukas 17:21: :

“Die koms van die koninkryk van God kan nie uit voortekens bereken word nie. ²¹Hulle sal nie kan sê: ‘Kyk, hier is dit!’ of: ‘Daar is dit!’ nie, want die koninkryk van God is hier by julle.”

Die Ou Vertaling sê meer letterlik:

²¹**En hulle sal nie sê: Kyk hier! of: Kyk daar! nie; want die koninkryk van God is binne-in julle.** Dit is dit wat julle vul!

Boodskap Vertaling sê:

God se nuwe wêreld is iets wat binne-in jou lewe gebeur.

Om dit reg te begryp moet jy egter jou kop aan die kant maak. **Bekeer.**

Bekering beteken dat jy op 'n nuwe manier moet begin dink.

Jy moet raaksien :

1. Die Koninkryk is nie later nie. .. dis ligter!

Dis nie net vir anderdag, vir die Hiernamaals nie. Dis ook vir die Hiernoumaals. Jesus sê “*My las is lig en my juk is sag.*”

In die Message Vertaling sê Jesus:

Walk with me and work with me—watch how I do it. Learn the unforced rhythms of grace. I won't lay anything heavy or ill-fitting on you. Keep company with me and you'll learn to live freely and lightly.” Mat. 11:28

Vry en lig. Nie later en swaarder nie!

1. Jy sterf nie daar-in nie. Jy word daarin wakker!!

Dis asof jy skielik begin lewe, en dinge raaksien en hoor en voel waarvoor jy vroeër dood en doof en blind was. Geleenthede om lief te hê; Plekke om te help. Iemand om vas te hou.

Ek glo dat Jesus nie vir ons kom vertel het van 'n manier om die **hel** vry te spring nie. Hy verkondig 'n **beter manier van lewe** vir almal **voor** ons doodgaan.

Dit gaan nie daaroor om hemel toe te gaan as die geskiedenis verby is nie, maar oor die Koninkryk van God wat aarde toe kom - **in** die geskiedenis.

Jesus het deur sy woorde en daade duidelik gemaak dat sy doel nooit was om **beperkings** te plaas op wie welkom is in die Koninkryk nie. Hy het dit eerder **uitgebrei**.

Hy het duidelik gemaak wie is daar welkom, wie word aanvaar as kinders van God.

Ons moet ook vir 'n ander kant oppas.

Die Koninkryk van God is ook nie net een of ander aardse Utopia nie.

Jy kry nie deel daaraan as almal stemreg het, en al die grond is verdeel nie. Dit gebeur nie wanneer alle ongelykheid weg is, en dan sal alle mense in liefde en vrede saam leef nie. Jesus sê duidelik vir Pilatus dat sy koninkryk **nie van hierdie wêreld** is nie.

Nou hoe dan?

Ek dink dat ons in vandag se taal kan sê :

Koninkryk van God is 'n metafoor, 'n beeld vir 'n staat van bewussyn.

Dis nie 'n plek waarheen jy gaan nie. Dis die uitgangspunt waarvandaan jy vertrek.

Dis 'n hele nuwe manier om na die wêreld te kyk. Dis om met **God se oë** na die wêreld te kyk ... dis om die **liefde** van God raak te sien in mense en in klein dingetjies **ipv te fokus** op als wat **verkeerd** is in die samelewing waar ons woon en in die groter wêreld.

Dis 'n veranderde **bewus wees** van sake wat hierdie wêreld verander in die plek waar God **regeer**.

En waar God regeer is daar nie meer skeiding nie.

Nie tussen God en mense nie, en ook nie tussen mens en mense nie. Wat jy aan mense doen, doen jy aan Jesus, en wat jy aan Jesus doen, doen jy aan God,

WANT:

“In Hom (Jesus) is die hele wese van God beliggaam .. en ons lees in Kolossense (1:19 en 2:9.)

God het besluit om met sy volle wese in Hom te woon.”–

Jy kan God en Jesus se saak nie van mekaar **skei** nie, en jy kan ook nie mense se saak van God en Jesus se saak losmaak nie.

Wanneer dit **wel** gebeur,

begin ons meer omgee vir ons teologiese leerstukke as vir mense.

Ons beoordeel mense volgens die **kerk** of die **party** waaraan hulle behoort, of watter **Bybelvertaling** hulle lees.

Ons raak maklik vasgevang in ons **teorieë** oor God, en hoor en sien nie wat **mense** om ons eintlik vir ons sê nie:

Mense sê eintlik – deur hul **woorde** of **dade** of **gedagtes**:

- As ek **siek** is, en jy besoek my, gee ek nie om of jy 'n Calvinis of 'n Lutheraan of 'n Katoliek is nie.
- As ek **arm** is, en jy gee vir my kos en geld, gee ek nie om of jy in die **wegraping** glo of nie.

- As jy my **oupa** of ouma in die tehuis **besoek**, maak dit nie saak watter soort musiek jou kerk speel of watter **vertaling** van die Bybel jy lees nie.
- As jy my **vriend oplaai** wanneer sy kar gebreek het, gee ek nie om of jy 'n **Apostolie** of 'n **Hervormer** is nie.
- En as jy my **ouma help** om haar kruideniers kar toe te dra, voel ek vere oor jou opinie oor **evolusie**.
- As jy saam met my my **verjaarsdag** vier, het ek nie 'n saak met groot of klein **doop** nie;
- En wanneer jy saam met my by die **graf** van 'n geliefde huil, wil ek nie eers weet of jy 'n **tiende** van jou inkomste vir die kerk gee of nie.

As jy my op diep en betekenisvolle en egte manier liefhet, maak niks anders regtig saak nie.

Wanneer ons geloofsisteem 'n ideologie word, en verander in 'n agenda, dan vergiftig ons die idee van selflose liefde.

Die Evangelieboodskap begin klink soos propaganda, waar jy moet dink en glo soos ek dink en glo anders gaan jy hel toe,

en **gemeentes** waar God se liefde alles moet dryf, word nog 'n **besigheid** wat bestuur moet word.

Dan verander ons verhouding met God in 'n stuk godsdienst.

Ek bedoel nie ons moet ophou met **teologie** nie; ophou **studeer** en ons bes doen om die **Bybel en die tradisie** al hoe beter te verstaan nie.

Hierdie dinge moet ons egter **inspireer** om al hoe meer soos **Jesus** te word – om ander **lief** te hê en van ons **ego** ontslae te raak. Ons

teologie moet ons **motiveer** om van God se wêreld 'n **beter** plek te maak. Dit moenie 'n **platvorm** word vanwaar ons ander mense slegsê en **kritiseer** en aanval nie.

Ons is te dikwels skuldig daaraan dat ons nie ons geloof op tasbare maniere toepas wat ander mense regtig **help** nie.

Die belangrikste is tog dat ons sal liefhê soos Jesus liefgehad het.

As 'n mens die boodskap van die Koninkryk Van God reg hoor, keer dit jou lewe om.

En dit het deur die eeue met mense gebeur wat hulle vasloop in die boodskap van die Evangelie.

Maarten Luther vertel dat hy Rom 1:16 in die bo-kamer van sy huis bestudeer het, en dat dit was asof hy “*die paradys self deur oop hekke kon ingaan.*” Hy het skielik hemel op aarde beleef. Wat staan daar?

Ek skaam my nie vir die Evangelie nie, want dit is 'n krag van God wat elkeen red wat glo. Romeine 1:16.

Dit gaan oor wat **God doen**, oor God se **aksie**, God se **getrouheid**, God se **krag**.

Om in die “bediening te staan” gaan dus nie oor ons nie, oor wat ons kan doen of ons **talente** of **gawes** nie. Die **sukses** van ons bediening hang nie af van ons **leierseienskappe** of ons **visie** en **missie** nie. Ook nie van ons **planne**, **veldtogte** en **projekte** nie.

Die **bediening** van die evangelie gaan oor God se **Woord** en **Gees** wat die dinge laat gebeur wat God **belowe**. Dit gaan dus daaroor dat God dit vir ons moontlik maak om met ons gedrag God se koninkryk **teenwoordig** te maak in mekaar se lewens.

En daarvoor hoef en mag ons ons nie skaam nie.

Daar staan egter nie: “Ek skaam my nie vir die kerk” nie.

Die kerk en die evangelie is nie dieselfde nie.

Die Kerk † die Koninkryk

Dankie Vader daarvoor.

Om bedienaars van die Evangelie te wees, beteken dat ons geroep is om hierdie Evangelie bekend te maak. Ons moet aan almal die goeie nuus **wys**, **demonstreer**, laat **beleef**, laat **sien** en **voel** en **proe** en **geniet**. Die Goeie Nuus dat God nie vir hulle **skaam** is nie.

Die Goeie Nuus dat God elke mens insluit in God se koninkryk.

Omdat **dit** ons taak is, en die Kerk se taak is, en omdat ons

As Kerk, en as individue, dikwels faal – Daarom

Ons moet ons maar alte dikwels vir die Kerk skaam, en vir onsself skaam.

As ons hoor wat die mense van ons Kerk sê, en hoe predikante en kerkmense in die media uitgebeeld word, en hoe ons dikwels optree – dan moet ons ons eintlik skaam.

As jy sien wat vir ons NB is en wat nie - dan behoort ons ons daarvoor te skaam dat ons ons **vir die Evangelie** - Die Goeie Nuus - **geskaam** het.

- Dat ons **nie** besluit het wat reg was voor God nie;
- Dat ons ons laat lei deur wat **gewild** sal wees, en wegstap uit **ekumeniese** liggame;
- Dat ons jare lank sukkel om die boodskap uit te stuur dat **swartmense en gays** ook God se kinders is en daarom welkom is waar ons ook al vergader.

- Dat ons nog steeds sukkel om **kinders** van gelowiges deel te gee aan die **Tafel** van die Here.

Ek dink as Kerk behoort ons ons daarvoor te skaam. Ons was dikwels skaam vir die Evangelie. Ons het nie geglo en vertrou dat dit God se krag is wat mense red nie. Ons het ook nie vasgehou daaraan dat Evangelie **Goeie Nuus** vir **elke mens** beteken nie...

Dat dit Goeie Nuus is om die regte dinge te doen, Al skud of skeur die Kerk.

As ek terugkyk dan kry ek ook vir myself skaam.

Oor die **gesindheid** en die manier waarop ek dinge gesê en gedoen het; Oor ek **jaloers** gevoel het as ek oor die hoof gesien is vir iets in die Kerk waarvoor my **ego** my oortuig het dat ek geskik is.

Vir kere wat die koninkryk van **Gys** belangriker was as die Koninkryk van **God**.

Vir elke keer wat ek myself met ander dominees **vergelyk** het, ipv met Jesus. Gekarring het oor **visie** en missie ipv oor **mense**.

Ek dink Paulus het vir Jesus **reg verstaan** as hy sê die evangelie is God se krag wat mense red – wat hulle vry maak en verlos van alles en almal wat van hulle probeer slawe maak. Alle dogmas en wette wat mense van God en van mekaar vervreem.

Ek dink dis wat Jesus bedoel het toe Hy gesê het”

- Mense, dis tyd!
- Die Koninkryk van God het naby julle gekom – dis tussen julle, dis rondom julle; dis IN julle.
- Bekeer julle. Maak julle koppe aan die kant en word skaam oor die **regte** dinge.

- Glo die Evangelie – die Goeie Nuus wat verkondig dat God alle mense in God se Koninkryk insluit en dat dit God se krag is wat mense red.

Hoekom bly ‘n mens dan in die Kerk, as daar soveel voorbeelde is waarvoor jy jou eintlik moet skaam – in jouself en in die Kerk??

In **1979** – was ek die jong ds van **Boksburg**, en ek en Johan Buitendag beplan ‘n skoolverlaterskamp saam met **Hans Dreyer** –wat toe ou ds was in Klerksdorp - 6 jaar ouer as ons!!. Op ‘n kol sê ek vir Hans:

“Ek weet nie hoe kan ek 40j vir die Hervormde Kerk werk nie.”

Sy antwoord het my gedra tot vandag: *“Nee, ek werk nie vir die Hervormde Kerk nie.”*

Ek was oorbluf, want Hans het nie soos ‘n skynheilige ou gelyk nie.

Toe sê hy:

“Ek werk IN die Hervormde Kerk, maar ek werk vir die Here.”

Dis hoekom ek kon aanhou.

Die jong **Karl Barth** skryf: “God het ons nie **nodig** nie. Om die waarheid te sê, **as God nie God was nie**, sou God vir ons **skaam** gekry het.”

Goddank God is ander as ons.

Nou kan ons saam met Luther deur die **oop poorte** van die **paradys** gaan – nou al!

God is God, en God is nie skaam vir ons nie. Nie eers vir ons wat **geroep** is om die Goeie Nuus te **verkondig** van God se radikale liefde en reddende krag wat almal insluitend nie -

Ek wil afsluit met die woorde van iemand van wie ek lankal met my kop geweet het, maar van wie se werk ek nie regtig kennis geneem nie. Ek het egter in die laaste paar jaar al hoe meer van hom begin leer–

Franciscus van Assisi. Hy was ‘n Italiaanse prins wat geleef het tussen 1180 – 1226 nC.

Terloops – dink bietjie: In watter Kerk was hy – 300jaar voor die Kerkhervorming?

Hy was in **ONS KERK!!!** Daar was nog net 1 kerk in die tyd! Sy geskiedenis is ons geskiedenis. Hy is ook **ons** voorvader!

Franciscus het later alles opgegee en ‘n bedelende prediker geword. Dit is hy was gesê het:

*“Verkondig die Koninkryk oral waar jy kom. Tydig en ontydig. En as dit **regtig** nodig is, mag jy **woorde** ook gebruik.”*

Ek wil dan my amptelike bediening in die Hervormde Kerk, en hier in Seester Gemeente, afsluit met Franciskus se woorde:

Op sy sterfbed het hy sy broeders gegroet met die woorde:

Ek het gedoen wat ek gedink het ek moes doen.

Mag Christus julle nou leer om te doen wat julle moet doen.

Mag Christus vir my en vir julle elke dag vorentoe help en leer om te doen wat ons moet doen.

Ons sangspan se lied vang iets van my hart vas:

Al is ek bang, weet ek U roep my, en sal lig maak waar ek gaan.

Ek weet nie wat voorlê nie, maar U het ons nie gemaak om in die hawe weg te kruip nie.

U vuur sal my pad verlig.